# PROTESOPTREDE: JOU REGTE

## Die Wet op die Regulering van Byeenkomste:

### Arrestasies en Hofprosesse



RIGHT2KNOW



# PROTESOPTREDE: JOU REGTE

## Die Wet op die Regulering van Byeenkomste: Arrestasies en Hofprosesse

Die doel van enige stryd is om ons basiese menseregte op vryheid van samekoms, vryheid van uitdrukking en gelykheid voor die reg doeltreffend te realiseer en te beskerm. Vir almal wat in Suid-Afrika woon en werk is dit nou meer as ooit nodig om te weet wat hierdie

regte is en hoe om hulle uit te oefen.

Die Right2Know-veldtog is trots op die geleentheid om hierdie gids vir aktiviste oor die Wet op Byeenkomste die lig te laat sien. Hierdie brosjure is die produk van vorige stryde deur gemeenskappe, maatskaplike bewegings en NRO's. Ons hoop dit sal bydra om die stryd verder te voer.

**Kontak Right2Know**
Community House
Soutrivierweg 41
Soutrivier, Kaapstad
7925, Suid-Afrika

| | |
|---|---|
| **Sel:** | 076 728 7009 |
| **Faks:** | 086 551 8879 |
| **E-pos:** | info@r2k.org.za |
| **Web:** | www.r2k.org.za |

# PROTESOPTREDE: JOU REGTE

## Die Wet op die Regulering van Byeenkomste: Arrestasies en Hofprosesse

Aktivistegids

# INHOUD

BLADSY

**Voorwoord** **i**

AFDELING 1

**<u>DIE WET OP BYEENKOMSTE</u>**

1. Wat is die Wet op Byeenkomste? 1

2. Wat is ’n byeenkoms 1

3. Wie is die sameroeper? 2

4. Wat is die rol van die sameroeper? 2

5. Wanneer moet die kennisgewing aan die plaaslike owerheid oorhandig word? 3

6. Kan die betrokke beampte die byeenkoms verbied? 3

7. Wat gebeur as ’n byeenkoms verbied word? 4

8. Reëls om ’n byeenkoms te beëindig 4

BLADSY

AFDELING 2

**BETOGERS EN DIE HANDVES VAN REGTE**


| | | |
|---|---|---|
| 1. | Reg tot politieke protes | 7 |
| 2. | Regte van gearresteerde, aangehoue en beskuldigde persone | 8 |
| 2.1 | Moontlikheid van arrestasie of aanhouding | 9 |
| 2.2 | Arrestasie | 9 |
| 2.3 | Regstappe na arrestasie | 11 |
| 2.4 | Aanhouding | 13 |
| 2.5 | Eerste hofverskyning | 13 |
| 2.6 | Vonnisoplegging | 16 |
| **Nuttige kontakbesonderhede indien jy regshulp benodig** | | **17** |

# Voorwoord

Die Right2Know-veldtog is trots om hierdie belangrike brosjure vir aktiviste te herproduseer. Ons veldtog is ’n produk van baie vorige stryde deur gemeenskappe, maatskaplike bewegings en NRO's. Die kern van al dié stryde was nog altyd die effektiewe realisering en beskerming van ons basiese mense- en grondwetlike regte
op die vryheid van samekoms, om te betoog, ’n betooglinie te vorm of te petisioneer, vryheid van uitdrukking, menswaardigheid en gelykheid voor die reg. Vir almal wat in Suid-Afrika woon en werk is dit nóú meer as ooit belangrik om te weet wat hierdie regte is en hoe om dit uit te oefen.

Die eerste afdeling verskaf basiese inligting oor enige byeenkomste wat as ’n vorm van protes, betwisting of kritiek in die openbaar geag kan word. Dit verduidelik ook die wetlike betekenis van
’n "byeenkoms" en die wetlike regte en pligte van die organiseerders. Hierdie afdeling is in die vorm van vrae en antwoorde sodat jy dit so maklik as moontlik kan verstaan.

Die doel van die tweede afdeling is om aan aktiviste inligting te verskaf oor sekere regte wat deur die Suid-Afrikaanse Grondwet gewaarborg word, veral die regte om te vergader en vryheid van uitdrukking, sowel as die regte van persone wat gearresteer of aangekla word. Dit verduidelik ook die beperkings wat die regering op hierdie waarborge kan plaas en hoe om op te tree tydens ’n moontlike arrestasie. Verder is daar ’n basiese verduideliking van hofprosesse wat kan volg op ’n arrestasie en wat om te doen indien dit gebeur.

Kennis is mag! Neem hierdie brosjure saam met jou en gebruik dit in jou stryd vir die maatskaplike, ekonomiese en omgewingsgeregtigheid wat ons benodig.

**Vrywaring:** Hierdie brosjure is slegs vir inligtingsdoeleindes. Dit is nie, op enige wyse, ’n poging om regshulp te verskaf nie.
Dit is nie allesomvattend nie en moet gelees word as ’n riglyn. Die outeurs aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige foute of aktiwiteite wat mag spruit uit ’n bepaalde begrip van die inhoud nie.
Stellings mag gegrond wees op ’n onontwikkelde regsgeleerdheid en daar kan veranderinge in die wet plaasvind na publikasie.


IF YOU REPEAT A
LIE OFTEN ENOUGH,
IT BECOMES ~~TRUTH~~
POLITICS
WE HAVE THE
RIGHT2KNOW

# DIE WET OP BYEENKOMSTE

## 1. Wat is die Wet op Byeenkomste?

Die Wet op die Regulering van Byeenkomste, 1993 (die "Wet op Byeenkomste") is die Suid-Afrikaanse wet wat kwessies rakende byeenkomste waartydens enige vorm van protes, betwisting of kritiek in ’n openbare ruimte uitgedruk word, reguleer. ’n Openbare ruimte is ’n straat of pad, ’n park, ’n openbare plein, die trappe of terrein van ’n gebou of ander soortgelyke ruimte. Die protes mag gemik wees teen ’n individu of ’n instelling, bv. ’n minister, ’n polisiebeampte, ’n privaat maatskappy of ’n staatsdepartement. Die protes kan ook oor ’n kwessie gaan, bv. die lewering van water, elektrisiteitstariewe, of sekere wette en regeringsbeleid. Die Wet op Byeenkomste verduidelik in die fynste besonderhede wat gedoen moet word sodat ’n byeenkoms as wettig beskou kan word deur die owerhede.

## 2. Wat is ’n byeenkoms?

In gewone omgangstaal is ’n byeenkoms enige samekoms van twee of meer persone om watter rede ook al, bv. ’n sosiale ontmoeting, ’n troue of ’n begrafnis.

Volgens die Wet op Byeenkomste het die woord "byeenkoms" egter ’n spesifieke betekenis - dit is ’n opmars, stakingsmars of optog van 16 of meer persone, wat in ’n openbare ruimte plaasvind. ’n Byeenkoms word

ook beskryf as ’n aktiwiteit waar enige vorm van betwisting uitgedruk word of wat krities teenoor ’n persoon, maatskappy of regeringsliggaam is. ’n Byeenkoms vereis dat die betrokke owerheid vooraf in kennis gestel word.

’n Opmars, stakingsmars of optog van 15 mense of minder word ’n betoging genoem en vereis geen kennisgewing nie.

Om kennis te gee is nie dieselfde as om toestemming te vra nie. Niemand het toestemming nodig om ’n byeenkoms te hou nie want niemand benodig toestemming om hulle grondwetlike reg om byeen te kom, te staak, ’n opmars te hou of te betoog, uit te oefen nie.

## 3. Wie is die sameroeper?

Die sameroeper is die persoon wat die byeenkoms lei. Hy of sy word aangestel deur die persoon of organisasie wat die byeenkoms reël.

## 4. Wat is die rol van die sameroeper?

Die sameroeper moet die betrokke plaaslike owerheid inlig oor die beplande byeenkoms, en dat hy/sy die kontakpersoon van die organisasie is. Die betrokke plaaslike owerheid is gewoonlik die munisipale kantoor wat verantwoordelik is vir

die area waar die byeenkoms gaan plaasvind. Die sameroeper moet ’n spesiale vorm (die "Notice under Regulation of Gatherings Act") invul en by die plaaslike owerheid inhandig. Dié vorm behoort by alle munisipale

kantore beskikbaar te wees. Sodra kennis gegee is, moet die sameroeper teenwoordig wees by alle vergaderings wat dalk deur die plaaslike regering gereël kan word.

Die persoon of organisasie wat die byeenkoms wil hou moet ook ’n adjunk-sameroeper, wat die sameroeper kan vervang indien nodig, aanstel. As dit bv. vir die sameroeper onmoontlik is om ’n vergadering van die plaaslike owerheid by te woon, kan die adjunk-sameroeper dit bywoon en die persoon of organisasie wat die byeenkoms reël verteenwoordig.



## 5. Wanneer moet die kennisgewing aan die plaaslike owerheid oorhandig word?

Die kennisgewing moet die betrokke beampte ten minste sewe dae voor die beplande byeenkoms bereik. Indien dit onmoontlik is om die kennisgewing sewe dae voor die tyd te stuur, mag die sameroeper dit steeds na die betrokke beampte stuur. Redes moet egter ingesluit word hoekom dit nie betyds ingedien is nie.

Indien die kennisgewing minder as 48 uur voor die beplande byeenkoms gestuur word, het die betrokke beampte die reg om die byeenkoms sonder enige rede te verbied. Indien die sameroeper die kennisgewing ten minste sewe dae voor die tyd ingedien het en die plaaslike owerheid nie binne 24 uur na ontvangs daarvan ’n vergadering reël nie, is die byeenkoms outomaties wettig en kan dit sonder enige formaliteite voortgaan.

## 6. Kan die betrokke beampte die byeenkoms verbied?

Die betrokke beampte kan die byeenkoms slegs verbied nadat die volgende gedoen is:

- Die amptenaar in besit is van ’n beëdigde verklaring ernstig kan ontwrig, deelnemers of ander persone kan beseer of groot skade aan eiendom kan aanrig
- Met die sameroeper vergader is en daar onderhandel is oor ’n veilige byeenkoms
- ’n Brief vir die sameroeper gegee is met skriftelike redes hoekom die byeenkoms verbied is

## 7. Wat gebeur indien ’n byeenkoms verbied word?

Indien ’n byeenkoms voortgaan nadat dit verbied is, sal dit as onwettig hanteer word. Enige persoon wat aan ’n verbode byeenkoms deelneem, begaan ’n oortreding.

’n Byeenkoms behoort egter slegs in uitsonderlike gevalle verbied te word. Indien jy rede het om te glo dat jou byeenkoms nie verbied moes word nie, mag jy ’n landdros- of hooggeregshof nader en vra dat die landdros of regter die verbod omkeer en die byeenkoms toelaat om voort te gaan.

Hiervoor het jy nie ’n prokureur nodig nie. Jy kan na die regter gaan met jou storie in ’n beëdigde verklaring en jou saak stel.

## 8. Reëls om ’n byeenkoms te beëindig

Indien ’n byeenkoms wettig plaasgevind het, moet dit uitmekaar gaan wanneer die organiseerders gesê het dit sal.


Сяпон

# BETOGERS EN DIE HANDVES VAN REGTE



Die Suid-Afrikaanse Grondwet, die hoogste wet in die land, bevat ’n Handves van Regte, wat basiese regte en vryheid beskerm.

Betogers het die reg om hulle basiese regte en vryheid te laat geld en kan daarop aandring dat regeringsamptenare, bv. polisiebeamptes, hierdie regte en vryheid respekteer. In die praktyk kan hierdie regte en vryheid egter deur polisiebeamptes onderdruk word.

## JOU REGTE

Elkeen het die reg op vryheid van uitdrukking, samekoms en assosiasie. Hierdie regte is van uiterste belang om jou reg tot politieke protes te verseker.

### 1. Reg op politieke protes

Artikel 17 van die Handves van Regte beskerm jou reg om bymekaar te kom, te betoog, te staak en petisies te oorhandig, solank jy ongewapen is en vreedsaam optree.

Politieke protes sluit ook die verspreiding van inligting oor die protes-optrede in. Artikel 16 van die Handves van Regte, waar die vryheid van uitdrukking beloof word, beskerm hierdie reg, op voorwaarde dat die inligting wat versprei word nie oorlogspropaganda is nie en dit nie geweld en haat aanmoedig nie.

’n Protes-optrede maak ook staat op individue se reg op vryheid van assosiasie, wat beskerm word deur Artikel 18 van die Handves van Regte.

Alhoewel die reg tot politieke protes deur die Grondwet beskerm word, het die regering die mag om hierdie regte onder sekere omstandighede te beperk. Artikel 36 van die Handves van Regte sê egter dat die beperking op basiese regte en vryheid "redelik en regverdigbaar" moet wees "in ’n oop en demokratiese samelewing, gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid".

Dit is vir die howe om te besluit of ’n bepaalde staatsaksie wat ’n reg of vryheid beperk redelik en regverdigbaar is. Die Grondwet gee riglyne hieroor maar die uitslag hang hoofsaaklik af van die omstandighede van die saak en die regters wat dit beoordeel.

## 2. Regte van gearresteerde, aangehoue en beskuldigde persone

Artikel 35 van die Handves van Regte bevat die grondwetlike regte van gearresteerde, aangehoue en beskuldigde persone. Hierdie regte sluit die volgende in: Hierdie regte sluit in:

- Die reg om so gou moontlik ingelig te word oor die rede vir aanhouding
- Die reg om te swyg en om nie geforseer te word om skuld te erken nie
- Die reg om binne 48 uur na arrestasie in ’n hof te verskyn, naweke en openbare vakansiedae uitgesluit
- Die reg om vrygelaat te word indien dit in regsbelang is
- Die reg tot ’n prokoureur wat deur die regering vergoed word
- Die reg tot kos, water, mediese behandeling en leesstof
- Die reg om met jou familie, eggenoot, godsdiensberaders en eie dokter te kommunikeer, en deur hulle besoek te word
- Die reg om as onskuldig beskou te word

Die volgende afdeling plaas hierdie regte binne die konteks van protes-optredes.

## 2.1 Moontlike arrestasie of aanhouding

Jy kan by enige protesoptog met die polisie te doen kry, veral as daar baie betogers is. Die polisie arresteer of hou gereeld aktiviste by protesoptogte aan. As jy by ’n protesoptog is en een of meer polisiebeamptes begin jou vrae vra wat jy nie wil antwoord nie, of wat die byeenkoms of die doel daarvan in gevaar kan stel, kan jy vir hulle sê jy weier om te antwoord. Wees net beleef en gee jou samewerking.

## 2.2 Arrestasie

Sodra jy gearresteer is, word daar van jou vereis om jou naam en huisadres te verskaf, maar geen verdere inligting nie.

Maak nie saak wat hulle vir jou sê nie, jy hoef geen verdere inligting oor jouself, jou aktiwiteite of die organisasies by wie jy betrokke is, te verskaf nie.

Onthou egter dat polisiebeamptes kundiges is op die gebied van ondervraging en elke slenter sal gebruik om jou te kry om inligting oor jou aktiwiteite en vriende te verklap. Maak nie saak hoe vriendelik of simpatiek hulle voorgee om te wees nie, onthou altyd dat hulle sal nie skroom om enige inligting wat jy vir hulle gee teen jou en jou kamerade te gebruik nie. Polisiebeamptes kan verskillende strategieë gebruik om jou te laat praat - hulle kan vriendelik wees met jou, jou spesiale behandeling beloof of hulle kan jou intimideer en dreig om jou sodoende bang te maak en inligting vir hulle te gee.

Onthou, jy het die reg om stil te bly en nie ’n

skuldbekentenis te maak nie.

Arrestasies tydens protesoptredes:

Jy kan gearresteer word indien ’n polisiebeampte sien jy begaan ’n oortreding, of indien daar redelike gronde is om te glo jy was betrokke by die pleeg van ’n misdaad.

Indien jy gearresteer word, moet die polisie jou inlig aan watter oortreding jy jou vermoedelik skuldig gemaak het. In die praktyk word dit nie altyd gedoen nie. As jy gearresteer is, het die polisie die reg om jou en jou besittings sonder jou toestemming te deursoek.

Wanneer jy gearresteer word:

- Moet nooit ’n polisiebeampte teengaan tydens arrestasie nie
- Wees bewus dat die polisie geregtig is om redelike mag te gebruik om jou te arresteer
- Om arrestasie teen te staan kan lei tot ’n verdere klag teen jou

**ONTHOU**, dit is nie in Suid-Afrika verpligtend om jou ID-boekie of -kaart by jou te hê nie! Jy kan nie gearresteer word omdat jy nie jou ID by jou het nie.

## 2.3 Regstappe wat volg op arrestasie

Die volgende stappe moet gevolg word nadat jy gearresteer is:

*a. Vervoer na die polisiestasie of die prosessering-sentrum*

Vervoer mag geskied per patrolliemotor of polisievangwa, afhangende van die aantal persone wat op dieselfde tyd gearresteer is. In die geval van ’n groeparrestasie moet jy nie die gebeurtenis of enige ander sensitiewe kwessies met die ander gearresteerdes bespreek nie, selfs al is daar nie polisiebeamptes naby nie.

*b. Die identifiseringsproses*

Jy is verplig om jou naam en adres te verskaf. ’n Polisiebeampte sal jou vingerafdrukke neem, en ’n foto sal van jou geneem word.

*c. Aanhoudingsel*

Jy mag in ’n sel geplaas word voordat jy aangekla word.

*d. Ondervraging*

Ondervraging is gewoonlik net ’n gesprek wat in die polisievoertuig, of na arrestasie, plaasvind. Dit kan ook in ’n ondervragingslokaal geskied. Indien jy gedurende ’n protesoptrede gearresteer word, moet jy geen vrae wat die polisie vir jou vra beantwoord nie, behalwe om jou naam en adres te verskaf, totdat jy die geleentheid gehad het om met ’n prokureur te praat. Sê net die volgende: "Ek gaan stilbly.”

LEUENS WAT POLISIEBEAMPTES JOU KAN VERTEL OM JOU TE OORREED OM TE PRAAT:

- LEUEN: "Jy is nie ’n verdagte nie; help ons net, vertel ons wat gebeur het?"

  WAARHEID: As jy nie ’n verdagte was nie, sou hulle jou nie gearresteer het nie. Die feit dat jy gearresteer is, beteken jy word daarvan verdink dat jy die wet oortree het.

- LEUEN: "As jy nie die vrae beantwoord nie, kla ons jou aan van verset teen arrestasie."

  WAARHEID: Hulle kan jou nie aankla van verset teen arrestasie as jy reeds gearresteer is nie. Bowenal het jy die beskermde reg om te swyg.

- LEUEN: "Al jou vriende het saamgewerk en is vrygelaat. Jy's al wat oorbly."

  WAARHEID: Om vrygelaat te word beteken nie dat alle klagte teen jou en jou vriende laat vaar is nie, en daar is geen manier om te weet óf jou vriende vrygelaat is, en onder watter omstandighede nie.

*e. Borg vir geringe oortredings*

Vir geringe oortredings soos betreding en beskadiging van eiendom kan "polisieborgtog" toegeken word. In sulke gevalle kan jy met die ondersoekende beampte ooreenkom dat jy ’n sekere bedrag as borgtog betaal. Hierdie bedrag sal by die amptelike borgtogverhoor in die hof bevestig word. Maak seker dat jy ’n kwitansie ontvang vir die volle bedrag wat jy betaal het, onderteken

deur die polisiebeampte wat die geld by jou neem.

## 2.4 Aanhouding

Aanhouding is die kort periode waartydens jy in bewaring is terwyl die polisie besluit of daar genoeg bewyse is om jou aan te kla. Volgens wet moet die polisie redelike gronde kan lewer vir hulle vermoedens dat jy die wet oortree het. Gedurende aanhouding het die polisie geen reg om jou te vra vir inligting aangaande jou kamerade, jou aktiwiteite of organisasies waaraan jy behoort nie.

ONTHOU: Jy het die reg om te swyg.

Wees bedag daarop dat alles wat jy sê in 'n hof teen jou en jou kamerade gebruik kan word.

Jy mag slegs vir 48 uur, naweke en openbare vakansiedae uitgesluit, aangehou word. As jy dus op 'n Donderdag gearresteer word, mag jy tot Maandag aangehou word, waarop jy in die hof móét verskyn, of vrygelaat word.

## 2.5 Eerste hofverskyning

a. Aanstelling van 'n prokureur

Jy het die reg tot 'n prokureur wat deur die staat aangestel word wanneer jy pleit en tydens die verhoor, maar nie vir jou borgtogaansoek nie.

b. Aanklag

Hierdie is die eerste stap van 'n kriminele vervolging.

Jy word voor die hof gedaag om die klagtes teen jou aan te hoor. Die klagtes teen jou word gemaak deur 'n aanklaer, wat die Staat verteenwoordig tydens die verrigtinge. Na aanhoor van die klagtes, sal jy gevra word om te pleit - "skuldig" of "onskuldig".

- **SKULDIG PLEIT:** Indien jy skuldig pleit, erken jy skuld op die aanklagte teen jou. Gewoonlik pleit gearresteerde mense nie skuldig met hulle eerste hofverskyning nie. Daar is redes hiervoor: Baie mense word onregmatig gearresteer (sonder dat hulle die wet oortree het). Die onus rus op die aanklaer om bo redelike twyfel te bewys dat jy die misdaad waarvan jy aangekla word gepleeg het. Jy hoef nie te bewys jy het nié die misdaad gepleeg nie.

- **PLEITOOREENKOMS:** Jy kan 'n "pleitooreenkoms" met die aanklaer aangaan. Dit is 'n onderhandelde ooreenkoms tussen jou en die aanklaer waarin jy skuldig pleit in ruil vir 'n vonnis waarop jy en die aanklaer ooreenkom.

c. Borgtogverhoor

Eerstens moet die hof besluit of jy in bewaring gaan bly tot die verhoor. As die hof besluit om jou vry te laat, kan dit gebeur met 'n waarskuwing, of op borg. Laasgenoemde beteken die hof vertrou dat jy sal terugkeer wanneer so versoek word,

en vereis dat jy ’n bedrag geld as sekuriteit betaal. Indien jy nie opdaag vir al die verhore totdat die saak klaar is nie, hou die hof hierdie deposito.

Indien jy ’n vorige skuldigbevinding het of die aanklag ernstig is, behoort die borgtogverhoor met ten minste ’n week uitgestel te word sodat jy ’n formele geskrewe borgtogaansoek kan voorberei, en die staat verder kan ondersoek instel of jy op borgtog vrygelaat mag word. As jy by jou aansoek om borgtog nie deur ’n prokureur verteenwoordig word nie, moet jy ’n sterk saak maak hoekom jy nie ’n "vlugrisiko" is nie (m.a.w. nie sal vlug as jy vrygelaat word nie), of ’n gevaar vir ander getuies of die samelewing is nie en hoekom borg aan jou toegestaan moet word. Onthou, borg word nie outomaties toegestaan nie.

Indien jy gearresteer is en vir borgtog wil aansoek doen, moet jy die volgende toepaslike punte duidelik stel. Dit kan jou help om op borg vrygelaat te word.

- Jy het geen vorige skuldigbevinding nie
- Jou vaste woonadres
- Jou vaste werkplek
- Persoonlike omstandighede soos jou ouderdom, inkomste, aantal afhanklikes
- Dat jy ’n persoon van goeie karakter is

## 2.6 Vonnisoplegging

Indien jy ’n pleitooreenkoms aangaan, bevestig die regter die die vonnis waarop jy en die aanklaer saam ooreengekom het. In so ’n geval moet die oortredings waarop jy skuld erken minder wees en/of minder ernstig wees as dié waarvan jy aangekla is. Die vonnis moet ook korter en minder ernstig wees as die een wat jy kon gekry het indien jy skuldig bevind is sonder ’n pleitooreenkoms.

Indien skuldig bevind, kan jy pleit vir "versagting" of vermindering van jou vonnis. Die volgende faktore word as "versagtende faktore" beskou, wat kan help om die vonnis te verminder:

- Berou (indien jy skudlig gepleit, met die polisie saamgewerk en ’n skuldbekentenis gemaak het, en spyt uitgespreek het oor jou dade)
- Persoonlike omstandighede (jou ouderdom indien jy baie jonk of baie oud is, of jy afhanklikes het, jou inkomste, en die negatiewe uitwerking van die vonnis op jou en jou afhanklikes
- Geen vorige skuldbevindings nie (indien dit jou eerste oortreding was)

# Nuttige kontakbesonderhede indien jy regshulp benodig:

## Sentrum vir Toegepaste Regstudies

DJ du Plessisgebou, Weskampus
Universiteit van die Witwatersrand
Braamfontein
Johannesburg **Tel:** 011 717 8600
Faks: 011 717 1702
E-pos: Duduzile.Mlambo@wits.ac.za

## Instituut vir Vryheid van Uitdrukking

Lothburyweg 27
Tel: 011 482 1913
Faks: 011 482 1906
E-pos: fxi@fxi.org.za

## ProBono.Org

Kotzestraat 1
Ou Vrouetronk, Wesvleuel
Konstitusieheuwel
Braamfontein
Johannesburg **Tel:** 011 339 6080
Faks: 011 339 6077
E-pos: erica@probono.org.za

## Sosio-ekonomiese Regte-instituut van Suid-Afrika

6de verdieping, Aspernhuis
De Kortestraat 54
Braamfontein
Tel: 011 356 5860
Faks: 011 339 5950
E-pos: sanele@seri-sa.org